# Legendariese Helde:

# Josef

**Eduan Els 16/06/2019**

## JOSEF HET 'N DROOM GEHAD:

**Genesis 37:2-11 "Hier is die verhaal van Jakob se familie. Josef was jonk, hy was 17 jaar oud en hy het skape en bokke opgepas saam met sy broers, die seuns van sy pa se vroue Bilha en Silpa. Josef het vir sy pa stories vertel oor wat sy broers gedoen het. Jakob se ander naam was Israel. Jakob was meer lief vir Josef as vir al sy ander seuns omdat Josef gebore is toe Jakob al oud was. Jakob het vir Josef 'n lang rok met moue gemaak. Sy broers het gesien dat hulle pa meer lief is vir Josef as vir hulle. Daarom het hulle vir Josef gehaat. Hulle wou niks goed van hom sê nie, hulle het gewens dat dit sleg gaan met hom. Josef het een nag gedroom en hy het vir sy broers vertel wat hy gedroom het. Toe het hulle hom nog meer gehaat. Hy het vir hulle gesê: "Ek het gedroom dat ons besig was om koring-gerwe vas te bind op die koringland. My gerf het regop gaan staan, en julle gerwe kom staan toe rondom my gerf en buig voor hom." Sy broers sê toe vir hom: "Dink jy regtig jy sal koning word en oor ons regeer?" Hulle het hom nog meer gehaat oor die droom waarvan hy hulle vertel het. Josef het weer gedroom en hy het vir sy broers vertel wat hy gedroom het. Hy het gesê: "Ek het weer gedroom. Ek het gedroom dat die son en die maan en elf sterre voor my kom buig." Hy het vir sy pa en sy broers vertel wat hy gedroom het. Sy pa het toe met hom geraas en hy het vir Josef gesê: "Wat droom jy? Dit is nie reg dat ek en jou ma en jou broers voor jou moet kom buig nie." Sy broers was baie jaloers op hom, maar sy pa het baie oor die drome gedink."**

## WAT KAN ONS BY JOSEF LEER:

### 1. LEEF JOU DROOM, AL IS DIT MOEILIK.

**1.1.** **Lei in slaaf klere –** Dit is was Josef in Potiphar se huis moes doen. Ons moet sy voorbeeld volg en ons droom uit leef selfs al kan ons dit nie sien nie.

**1.2.** **Werk terwyl jy in Egipte is –** Josef was nie waar hy wou wees nie. Hy was in Egipte en nie in die beloofde land nie, maar hy het steeds God se wil uit geleef. As ons by God se droom vir ons lewe wil uitkom moet ons leer om in "Egipte" te werk. Al is ons nie waar ons wil wees nie moet ons steeds God se wil doen.

**1.3.** **Wees suksesvol in Potiphar se huis –** Mense mag dalk jou droom wil gebruik om hulself te bevorder, maar moenie oor hulle bekommerd wees nie. Hou vas aan jou droom en leef dit uit.

## 2. WEERSTAAN VERSOEKINGS.

**2.1.** **Bly besig met God se dinge –** As jy versoeking wil weerstaan bly besig met dit wat God jou gegee het om te doen. Versoeking kan mens oorweldig as jy ophou om God se wil te doen.

**2.2.** **Vertel versoeking die waarheid –** Konfronteer jou versoekings en vertel hulle God se waarheid.

**2.3.** **Oorweeg die gevolge van ingee tot versoeking**.

## 3. LEER OM TERUGSLAE TE OORLEEF.

**3.1.** God was altyd by Josef,selfs toe hy terugslae ervaar het. God sal ons nie los om alleen deur ons moeilike tye te gaan nie. Hy is altyd by ons.

**3.2.** Josef was altyd by God. Hy het in God vertrou selfs toe dit moeilik gegaan het. Ons moet dieselfde doen.

**3.3.** Daar sal altyd terugslae wees, maar ons moet vashou aan die drome wat God vir ons lewens het.

# Gesprek Gids

**OPEN MET GEBED. HIERDIE IS SLEGS 'N GIDS – KIES DIE PUNTE WAT JY WIL BESPREEK**

1. Glo jy dat God 'n droom vir jou lewe het?
2. Twyfel jy soms in God se droom vir jou lewe wanneer dinge moeilik gaan? Wat laat jou twyfel in God se droom vir jou lewe?
3. Watter terugslae het jou al versoek om op te gee op jou drome?